**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT- EKSAMEN**

**KUNS HG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek **[20]**

- In Afdeling A moet jy ’n totaal van vier vrae beantwoord. Let op die keuse in Vraag 1. Daar is geen keuses in Vrae 2, 3 en 4 nie.
- In Afdeling B moet jy ’n totaal van vier vrae beantwoord. Let op die keuses in Vraag 5. Daar is geen keuses in Vrae 6, 7 en 8 nie.
- Beantwoord albei vrae in Afdeling C.
- Alle vrae is opstelvrae. Staaf jou antwoorde met genoeg voorbeelde en bewyse.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Lyste van feite of voorbeelde in puntformaat sal geen krediet ontvang nie.
- Gebruik die puntetoekenning as ’n aanduiding van die verwagte lengte en omvang van elke antwoord.
- Trek ’n lyn na elke vraag en laat ’n reël oop na elke onderafdeling.

---

**TEMA:**

Skoonheid is ’n onduidelike konsep, aangesien dit op subjektiewe waardebepaling gebaseer is. Wat een persoon as mooi beskou, mag deur ’n ander persoon as afstootlik ervaar word.

Sommige individue mag dol wees oor ’n rustige landelike toneel met gestapelde wolke in ’n blou hemel en groen velde wat na ’n borrelende stroompie toe lei. Ander, daarenteen, mag dalk genot vind uit ’n abstrakte maalstroom van botsende kleure van arbitrêre spatsels verf. En dan is daar dié wat hulself verlustig in die skok van brutale aksies wat in die naam van kuns uitgevoer word.

Hierdie vraestel vereis dat jy die uiteenlopende wyses oorweeg waarop kuns gewaardeer en gekritiseer kan word.

AFDELING A

**INTERNASIONALE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE**

## VRAAG 1

**BEANTWOORD VRAAG 1.1 OF 1.2. NOMMER JOU KEUSE ASSEBLIEF DUIDELIK.**

1.1 Kies TWEE internasionale **skilderkunsbewegings** van die twintigste eeu waarvan minstens een ná die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het. Bespreek, in twee AFSONDERLIKE opstelle, elke skilderkunsbeweging met verwysing na stylkenmerke, kunstenaars en voorbeelde van hulle werke. (2x15)=**[30]**

Verwys na die volgende:

- Die kunstenaars se idees en interpretasies van skoonheid
- Die publiek se reaksie op elke beweging
- Vernuwende elemente

**OF**

1.2 Sommige twintigste eeu internasionale **skilderkunsbewegings** het doelbewus uitgegaan om tradisionele konsepte van skoonheid uit te daag.

Bespreek hoe hierdie TWEE bewegings ons tradisionele beskouings van wat as skoonheid voorkom bevraagteken en uitdaag. (2x15)=**[30]**

**EN**

## VRAAG 2

**BEANTWOORD BEIDE VRAAG 2.1 EN 2.2.**

2.1

| Die Internasionale Styl-argitektuur het weggebreek van tradisionele konsepte van skoonheid. |
|---|

Met verwysing na die voorafgaande stelling, bespreek die Internasionale Styl-argitektuur. Verwys na die werk van minstens EEN Internasionale Styl-argitek. Sluit inligting in oor minstens EEN **woonhuis** en EEN **openbare gebou** deur dié argitek.

Verwys na:

- Invloede op die Internasionale Styl
- Konstruksiemetodes
- Doelwitte en intensies van die argitek(te) (20)

**OF**

2.2 Bespreek die werk van minstens EEN argitek wat **ná** die Internasionale Styl-argitektuur gewerk het. Verwys na unieke kenmerke van sy/haar geboue wat as aantreklik of as onaantreklik beskou kan word. Gee redes om jou opinies te staaf. (10)

**[30]**

**EN**

**VRAAG 3**

Bespreek die werk van TWEE internasionale beeldhouers en verduidelik hulle onderskeie benaderings tot skoonheid.

Verwys na:

- Stylkenmerke
- Media en tegnieke wat aangewend is
- Inhoud en simbolisme **[20]**

**EN**

**VRAAG 4**

| Die voorkoms van 'n funksionele kunswerk kan dit aantrekliker maak vir die publiek. |
|---|

Bespreek die werk van EEN internasionale toegepastekunste-kunstenaar/-ontwerper of een toegepastekunste-beweging.

Watter aspekte van die werke wat jy bespreek het sal dit aantrekliker vir die publiek maak?

Verwys na:

- Materiale wat gebruik is
- Voorkoms van die voorbeelde
- Verhouding tussen die funksie en die skoonheid van die werke **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

AFDELING B

## SUID-AFRIKAANSE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE

### VRAAG 5

**BEANTWOORD VRAAG 5.1 OF 5.2. NOMMER JOU KEUSE ASSEBLIEF DUIDELIK.**

5.1 Bespreek die werk van ten minste EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder en ten minste EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse tekenaar/kunstenaar/drukkuns-kunstenaar met verwysing na moontlike uitbeeldings van konflik en/of disharmonie in hulle werke.

Verwys na:

- Die effekte van sosiale en politieke invloede op die werke
- Toepaslike voorbeelde **[35]**

**OF**

5.2 In die vroeë twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse kuns was die konsep van skoonheid grootliks deur Europese kuns beïnvloed. Onlangs het Suid-Afrikaanse kunstenaars 'n styl van hulle eie ontwikkel wat meer van toepassing is op die Suid-Afrikaanse kultuur en konteks.

In 'n vergelykende opstel, bespreek die verskille tussen vroeë en kontemporêre Suid-Afrikaanse tweedimensionele kuns met verwysing na:

- Europese en invloede uit Afrika
- Stylkenmerke
- Veranderinge in die maniere waarop Suid-Afrikaanse kultuur uitgebeeld word
- Toepaslike voorbeelde **[35]**

**EN**

### VRAAG 6

Die gebruik van boumateriale, ongeag of dit grof en 'aggressief' is of gedetailleerd en verfynd is, dra by tot die estetiese voorkoms van geboue.

Met verwysing na die bogenoemde stelling, bespreek hedendaagse Suid-Afrikaanse argitektuur. Sluit inligting in oor minstens EEN **woongebou** en EEN **openbare** gebou deur 'n Suid-Afrikaanse argitek.

Verwys na maniere waarop materiale gebruik, gekombineer en aangewend is. **[25]**

**EN**

**VRAAG 7**

Bespreek die onkonvensionele en vernuwende aspekte van die werk van TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars wat op ’n driedimensionele wyse werk.

Kies jou kunstenaars uit een of meer van die volgende kategorieë:

- Beeldhoukuns
- Uitvoerende kuns
- Konseptuele kuns
- Land/Terreinkuns **[20]**

**EN**

**VRAAG 8**

| Vir toegepaste kuns (kunsvlyt ingesluit) om suksesvol te wees behoort dit funksie en voorkoms te kombineer. |
|---|

Bespreek hierdie stelling met verwysing na EEN kunstenaar uit een van die volgende kategorieë:

- Kunsvlyt
- Toegepaste kuns/ontwerp
- Advertensieagentskap/Ontwerpagentskap **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [90]**

AFDELING C
**KUNSWAARDERING EN –KRITIEK**

**VRAAG 9**

**BEANTWOORD ALBEI VRAE.**

Bespreek die meriete en tekortkominge van een of meer van die kunswerke wat jy op een van jou besoeke aan ’n plaaslike kunsgalery gesien het. Sluit by jou bespreking die naam van die kunsgalery en kunstenaar/kunswerk in. **[10]**

**EN**

**VRAAG 10**

Hoe sal jy bepaal wat “kitsch” of swak smaak in kuns is?
Staaf jou bewerings met verwysing na enige relevante voorbeelde. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**